

Welkom by NG The Reeds

Veilige hawe
vir nuwe hoop

*Waar pas God
in dié familie in?
(Genesis 25:19-34)*



A woman with long brown hair is shown in profile, looking out over a field of tall grass. The scene is bathed in the warm, golden light of a sunset or sunrise, with the sun low on the horizon to the right. The woman is wearing a dark, patterned top. The overall mood is peaceful and contemplative.

Omarm my, Here
Omarm my in die lig van u teenwoordigheid,
helder binne hierdie donker wêreld.

Stel my instaat om vrees en versoeking te oorkom.
Stel my instaat om sonde en moedeloosheid te oorwin.
Stel my instaat om dit te word wat U begeer.

Skepper-God
Verlosser-God

Omarm my met die lig van U teenwoordigheid.
Amen

Votum



Seëngroet



Flam 34

Here, U is my lewe,
ek ken U veilige bewaring elke dag.

Here, U is my vrede,
as die storms om my woed
met brute krag.

En as ek val, is U by my.
U het betaal en ek is vry!

Daarom sing ek,
daarom gee ek U my stem.
Daarom juig ek saam met snaar
en instrumente!
Daarom bring ek U my dank,
sing ek heeldag lank,
daarom sing ek,
hoor my lied vir U, o Heer!

Here, uit U hande
kom net wat mooi is
en wat heilig is vir my.
Here, U genade
het my deur alles heen
tot hierdie dag gelei.
En as ek val, is U by my.
U het betaal en ek is vry!

Daarom sing ek,
daarom gee ek U my stem.
Daarom juig ek saam met snaar
en instrumente!
Daarom bring ek U my dank,
sing ek heeldag lank,
daarom sing ek,
hoor my lied vir U, o Heer!

Daarom sing ek,
daarom gee ek U my stem.
Daarom juig ek saam met
snaar en instrumente!
Daarom bring ek U my dank,
sing ek heeldag lank,
daarom sing ek,

Daarom sing ek,
hoor my lied vir U, o Heer!

Flam 30

U is in beheer, wonderbare Heer;

U wat steeds getrou,

u skepping onderhou.

U is in beheer, wonderbare Heer;

U wat alles vorm tot u eer!

Die oggendson vertoon
u heerlikheid -
die sterre in die aand, u majesteit.
As ek om my kyk
kan ek meer van U begryp
en ek weet opnuut
U is 'n werklikheid.

U is in beheer, wonderbare Heer;
U wat steeds getrou,
u skepping onderhou.

U is in beheer, wonderbare Heer;
U wat alles vorm tot u eer!

Net U alleen
laat val die vroeë reën
en U alleen gee lewe deur u Seun.
As ek om my kyk
kan ek meer van U begryp
en ek weet opnuut
U is 'n werklikheid.

U is in beheer, wonderbare Heer;
U wat steeds getrou,
u skepping onderhou.

U is in beheer, wonderbare Heer;
U wat alles vorm tot u eer!

Genesis

25:19-34



Jesus U is hier




Genesis

25:19-34

(2020 vertaling)





19. Hier volg besonderhede oor Isak seun van Abraham: Abraham was Isak se pa, 20. en **toe Isak veertig jaar oud was**, het hy met Rebekka getrou. Sy was die dogter van Betuel, 'n Arameër uit Paddan-Aram, en 'n suster van Laban die Arameër. 21. Isak het tot die Here gebid oor sy vrou, want sy was kinderloos. Die Here het sy gebed verhoor, en sy vrou Rebekka het swanger geword. 22. Die kinders het in haar teen mekaar gestamp, en toe sê sy: “Waarom gebeur so iets met my?” Sy het toe die Here gaan raadpleeg, 23. en Hy het vir haar gesê: “Daar is twee nasies in jou, twee volke uit jou sal van mekaar geskei word. Een sal sterker wees as die ander, die oudste sal die jongste dien.”

24. Toe Rebekka haar kinders in die wêreld bring, was dit tweelingseuntjies. 25. Die eerste is gebore: rooi, vol hare soos 'n veljas, en hy is Esau genoem. 26. Sy broer is na hom gebore en dié se hand het aan Esau se hakskeen vasgehou. Hy is Jakob genoem (Die naam Jakob herinner aan die Hebreeuse woord vir “hakskeen”). **Isak was sestig jaar oud toe hulle gebore is.** 27. Die seuns het grootgeword. Esau was 'n ervare jagter, 'n man van die veld; Jakob was 'n rustige mens, hy het tuis gebly. 28. Isak het vir Esau voorgetrek, want Isak het van wildsvleis gehou. Rebekka weer het vir Jakob voorgetrek.

29. Op 'n dag terwyl Jakob lensiesop aan die kook was, kom Esau doodmoeg uit die veld daar aan 30. en sê vir Jakob: *“Laat my gou van die rooi goed wegsluk, van daardie rooi goed. Ek is doodmoeg!”* Daarom is hy Edom genoem. (Die naam Edom herinner aan die Hebreeuse woord vir “rooi”).

31. Toe sê Jakob vir hom: *“Verkoop eers jou **reg as eersgeborene** aan my.”* 32. Esau het geantwoord: *“Ek gaan tog sterf. Wat baat dit my om die **eersgeborene** te wees?”*

33. Jakob sê toe vir hom: *“Beloof my nou met 'n **eed** dat jy jou **reg as eersgeborene** aan my oormak.”* Esau het dit gedoen en so sy **reg as eersgeborene** aan Jakob verkoop.

34. Daarna het hy vir Esau brood en lensiesop gegee, en hy het geëet. Toe hy klaar was, het hy uitgestap. Dit is hoe min Esau gedink het van **sy reg as eersgeborene**.







Wanneer ons na ons teks kyk...



Wanneer ons na ons teks kyk...

Dit lyk of God se plan besig om te ontspoor

Dit is op hierdie oomblik dat Isak bid



en God ingryp (swangerskap)

Dit is dikwels doodloopstrate



wat ons bring by gebed

Die waarskuwing is dat ons dit so gou weer kan vegeet

Teks staan stil by enkele momente, sodat:

- Ons nie selfde foute maak nie;
- Verstaan ons is nie slagoffers van omstandighede;
- Ons God beter verstaan.



Teks beweeg vinnig en gee net enkele besonderhede

Moeilike swangerskap,
naamgewing en dan
een enkele insident in
grootwordjare



Drie dinge val op:



Eersgeboortereg:

- Oudste erf alles;
- Oudste word leier van familiegroep;
- Hierdie leierskap behels regte, maar ook verantwoordelikhede vir groep > Roeping;
- Hier gaan dit ook oor God se beloftes en seën

Drie dinge val op:

- Die honger van Esau;
- Hoe Jakob die honger met sy pot sop uitbuit;
- Die ongeërgdheid waarmee Esau sy eersgeboortereg hanteer – eie behoeftes.

Beide se optrede verkeerd

- Jakob (en sy ma) se eie selfsugtige planne – manipulering van God se plan – *Jakob – bedriër*;
- Esau se ongeërgdheid en fokus op onmiddellike behoeftes bo God se plan – *Esau word Edom*;
- Beide skuif fokus weg van roepingsbewustheid



Maak God sy oë toe vir beide se optrede:

- Nee, wys eerder op gevolge
- Wys hoe optrede fokus wegskuif van roepingsbewustheid:
 - Fokus nou op regte, mag, beheer, eie belange & -behoefte;
- God wil fokus terugskuif na roeping & verantwoordelikh

Die waarskuwing geld ook vir ons vandag – vergeet ons ons roeping?

- Maak ons nie dieselfde foute in ons lewens nie? My lensiesop?
- Het ons fokus nie ook geskuif *na regte, mag, beheer, eie belange & -behoefte nie?*
- Verstaan ons God se verbond, genade & doel van sy seën?



Ek sou nie Jakob kies
as boodskapper



Juis hierin lê die kern
van die boodskap!

Die Here aanvaar
my soos ek is,



maar Hy los my
nie soos ek is nie



**Waar pas God in
jou familie in?**

**Waar pas jy in God
se familie in?**

**Waar pas God in
dié familie in?**



- 
- A newborn baby is lying on a bed of straw on a wooden floor. The baby is wrapped in a brown cloth, with only their head and hands visible. The baby's hands are clasped near their face. The background is a dark wooden floor.
- Hoe help hierdie teks jou om meer helderheid oor jou roeping te kry?
 - Waarmee is God tans in jou lewe besig tov jou roeping?
 - Waar sien jy tekens van hoop, groei of nuwe moontlikhede?



Gebed

Lied 276: 1

Leer ons om in eie oë
klein te wees voor U,
o Heer, diep bewus van onvermoë
om u Naam opreg te eer.
Maak ons nederig en stil
om te lewe soos U wil.

L 276:2

Daar is by ons soveel weerstand,

teen u wil, u Woord, o Heer.

Ons bied soveel kere teenstand,

wil ons nie deur U laat leer.

Skep in ons 'n nuwe gees;

laat ons U gehoorsaam wees.



Seëngroet

Gaan dan heen...

**Gaan dan heen, gaan in vrede;
My kind gaan doen wat ek jou vra.
Versprei my lig,
gaan leef my liefde.
My kind onthou, Ek is altyd daar!**

Kyk Ek gaan voor jou uit;

Ek maak die pad gelyk;

Ek is langs jou 2

– om jou veilig vas te hou;

Ek is agter jou 2

Ek keer die bouse weg van jou;

Ek is onder jou as jy sou val 2

dan dra ek jou.

**Gaan dan heen, gaan in vrede;
My kind gaan doen wat ek jou vra.
Versprei my lig,
gaan leef my liefde.
My kind onthou, Ek is altyd daar!**

**Kyk Ek is rondom jou,
want ek beskerm jou;
Ek is bokant jou,
want Ek wil jou graag seën;
Ek is binne jou
Ek lei jou deur My Heilige Gees.
Die Seun van God Drie-enig
sal vir ewig met jou wees!**

**Gaan dan heen, gaan in vrede;
My kind gaan doen wat ek jou vra.
Versprei my lig,
gaan leef my liefde.
My kind onthou, Ek is altyd daar!**